**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersieningsaak Nr. 152/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**SONWABO JOHN HINANA**

---

**CORAM:** **CILLIé *et* VAN DER MERWE, RR**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **VAN DER MERWE, R**

---

**GELEWER OP:** **5 FEBRUARIE 2004**

---

[1] Die beskuldigde in hierdie aangeleentheid, wat toe pas 15 jaar oud geword het, is op 14 Augustus 2002 op grond van sy pleit van skuldig skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal wat op 28 Mei 2002 plaasgevind het. Die vonnis wat hy op 16 Oktober 2002 opgelê was, was dat hy ingevolge artikel 15(1)(d) van Wet No.74 van 1983 verwys word na 'n nywerheidskool. Ook is gelas dat hy hangende sy oorplasing na die nywerheidskool aangehou word te 'n plek van veiligheid.

[2] ‘n Skrywe waarin die landdros versoek dat die gemelde vonnis op hersiening tersyde gestel word, het die Griffier van hierdie Hof bereik op 29 Januarie 2004. In hierdie skrywe verklaar die landdros dat dit onder sy aandag gekom het dat die gemelde vonnis regtens ongeoorloof was, dat hy bedoel het om die beskuldigde ingevolge die bepalings van artikel 290(1)(d) van die Strafproseswet, No. 51 van 1977 na ‘n verbeteringskool te verwys en word versoek dat die opgelegde vonnis tersyde gestel word.

[3] Die landdros is natuurlik korrek dat ‘n verwysing na ‘n nywerheidskool ingevolge die bepalings van artikel 15(1)(d) van die Wet op Kindersorg, No.74 van 1983 nie ‘n geoorloofde vonnis in ‘n strafhof is nie. Ingevolge gemelde artikel is ‘n Kinderhof wat na ‘n ondersoek ingevolge artikel 13 van Wet No.74 van 1983 oortuig is dat die betrokke kind ‘n sorgbehoewende kind is, bevoeg om daardie kind te verwys na ‘n nywerheidskool wat deur die Direkteur-generaal aangewys is. Die vonnis moet dus tersyde gestel word.

[4] Dit blyk verder uit die oorkonde dat daar nie vir die beskuldigde plek was in die aangewese plek van veiligheid nie. Gevolglik is

die beskuldigde op die volgende dag, dit wil sê 17 Oktober 2002, geplaas in die sorg van sy voog hangende die verwagte aanwysing van 'n nywerheidskool. So 'n verwysing of plasing het uiteraard nooit plaasgevind nie. Sedertdien, so deel die landdros mee, het die beskuldigde, terwyl in die sorg van sy voog, 'n verdere misdryf gepleeg en is hy gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf.

[5] Slordigheid, onbeholpenheid en ongeërgdheid soos wat blyk uit die hantering van hierdie saak, wat boonop betrekking het op 'n kind, is teleurstellend en kan nie geduld word nie. Blote nalees van die betrokke wetsartikel sou dit onmiddellik duidelik gemaak het dat die vonnis ongeoorloof is. Daarna is die saak vir geen verklaarbare rede nie vir outomatiese hersiening na hierdie Hof versend nie en het dit eenvoudig nooit weer aandag geniet nie totdat dit skynbaar ontdek is toe die beskuldigde weer voor die hof gekom het met betrekking tot bogemelde ander saak. Die gemelde skrywe waarmee die landdros die saak na hierdie Hof verwys het, dra duidelik die datum 11 Februarie 2002. Bowendien bevat hierdie skrywe sowel as die vorm J4 die datumstempel van die landdros van 28 Oktober 2002. Geeneen van hierdie datums kan korrek wees nie en dit getuig ten minste van onaanvaarbare ongeërgdheid.

Dit word van harte vertrou dat die betrokkenes hierdie opmerkings ter harte sal neem.

[6] Die landdros versoek dat nou aan die beskuldigde 'n opgeskorte vonnis opgelê word. Ek meen nie dat aan hierdie versoek voldoen kan word nie. Weens die tydsverloop en veranderde omstandighede behoort vonnis opnuut oorweeg te word nadat aan die beskuldigde geleentheid gegee is om sy saak te stel. Na my oordeel moet die saak na die landdros terugverwys word vir vonnisoplegging met inagneming van gebeure sedert skudigbevinding.

[7] Gevolglik word die opgelegde vonnis tersyde gestel en word die saak na die landdros terugverwys om opnuut vonnis op te lê.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

**EK STEM SAAM**

**C.B. CILLIé, R**

/scd